A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA
1988-05-05 (nm)
1988-05-09

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 396

(Bladsye 22 960 tot 23 061 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT NA MIDDAGETE

ALEX MAPELA, nog onder eed - (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: By u skool was daar 'n SRC - Students' Representative Council? -- Ja.

In 1984? -- Ja.

Was u op die SRC? -- Nee.

Het u enigiets te doen gehad met die SRC? -- Nee.

Sê u vir die hof die klasboikot het begin in September 1984? -- Ja.

Hier het 'n ander getuie getuig wat gesê het dit was Augustus 1984. Wat sê jy daarvan? -- Daar bestaan nie so-iets nie.

En ek kan u net daarop wys dat in 'n bewysstuk wat voor die hof is, dit is dieselfde as waarna gister verwys is; volume 6 W32, wil ek u daarop wys - ek sal dit lees, dit is seker nie nodig om dit vir die getuie te wys nie. Dit is paragraaf 9(8) Somerset East..

HOF: Watter bladsy van W32?

MNR FICK: Dit is die tweede bladsy na bladsy 9, dit is die een wat weer nie genommer is nie.

HOF: O, daardie ding, ja.

MNR FICK: Paragraaf 9(8) - 8(9); 8(9). Daar word gesê:

"All schools on boycott since August".

-- Bladsy?

Blaai tot bladsy 9 en dan blaai u twee bladsye verder. Paragraaf 8(9). -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Nou waaroor was die boycott? -- Dit is die klagtes wat ons gehad het.

Nou weet u wanneer in September was hierdie boikot, het dit begin? -- Septermaand.

Ja, maar luister na die vraag dan kan ons klaarkry. Weet

jy / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

jy wanneer in September? -- Ek onthou nie.

Hoe lank voor die vergadering wat julle in September gehou het? -- Ek onthou dit ook nie.

Nou hoe het die boikot begin? Wie het besluit daar moet 'n boikot wees? -- Die skoliere.

Ja, maar hoe het julle dit besluit? Op 'n vergadering by die skool of waar? -- Dit was in die saal by die skool.

En wie was die voorbok? Wie het gesê dit moet so besluit word? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Ag nee asseblief, man. Daar is nou 'n voorstel dat die goed moet geboikot word, die klasse. Wil u nou werklik vir die hof sê u weet nie wie het dit gesê nie? -- Ek onthou nie die persoon se naam nie.

Wie het hierdie vergadering belê waar dit besluit is? -- Die skoliere.

Nee, maar watter skoliere is dit? Die skoliere of die skoliere se organisasie, COSAS? -- Dit was die skoliere gewees, nie COSAS nie.

En was COSAS se mense ook op die vergadering? -- Ja, hulle was ook daar.

En hulle het saamgestem daar moet geboikot word? -- Ja.

Wat was die redes wat hulle gegee het, hoekom moet daar geboikot word? -- Ek het nie gehoor wat die gevoel van hulle was nie.

Maar jy was op die vergadering. Hoe kan jy sê jy het nie gehoor nie? -- Ek het gehoor van dié wat gepraat het by die vergadering, wat die redes was, maar die persone wie se name ek genoem het is mense wat op die bestuur was van COSAS. Geeneen van hulle het 'n toespraak gemaak nie, dus kon ek van geen van hulle gehoor het wat die redes is van hulle kant af nie.

Het julle besluit op daardie vergadering hoe lank julle

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die klasse gaan boikot? -- Nee, ons het nie besluit op die tydperk nie.

HOF: Was die boikot met 'n doel dat iets bereik moet word? -- Dit is so.

En sou dit duur totdat dit bereik is? -- Dit is so.

MNR FICK: Wat was die doel? -- Dinge wat ons oor gekla het was die "library equipment" en die tekort aan onderwysers.

Was dit al? -- Ja.

En tydens hierdie boikotte het u elke dag klasse toe gegaan, skool toe gegaan? -- Ja.

En wat het julle skoliere daar gaan maak as julle by die skool aankom? -- Ons het gesit en niks doen nie.

Op die skoolgronde? -- Ja.

Nie vergadering gehou nie? -- Nee.

Nie gesing nie? -- Nee.

Nie gemarsjeer en geskreeu op die skoolgronde nie? -- Nee.

En wat maak die onderwysers en die skoolhoof as julle nou so daar sit? -- Hulle sit ook.

Het julle nie gaan vergaderings hou of bymekaar gekom daar in die biblioteek se saal nie? -- Daar was vergaderings.

Tydens die boikot? -- Ja.

En wat het julle dan daarop besluit? -- Ons het besluit dat ons moet die prinsipaal bietjie gaan wakkerskud oor die klagtes van ons.

En hoe het julle hom toe wakkergeskud? -- Daar was van die lede wat hom gaan spreek het.

Was u saam? -- Nee.

En het hy toe wakker geword, die skoolhoof? -- Nee, hy het nie wakker geword nie.

Wat maak julle toe julle sien die skoolhoof wil nie

reageer/ ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

reageer nie? -- Ons het nie verdere stappe geneem nie.

Maar net weer gaan sit daar buitekant? -- Ja.

Totdat julle besluit het julle gaan vergadering hou in September? -- Wat?

Totdat julle weer vergadering gaan hou het in September in die gemeenskapsaal? -- Nee, ek onthou dit nie.

Nou hoe lank na hierdie vergadering wat julle gehou het, wat u oor getuig het..

HOF: Maar wat onthou u nou nie? -- Dat ons 'n vergadering gaan hou het by die gemeenskapsaal. Dit is wat ek nie onthou nie.

MNR FICK: Die komitee van die skoliere wat 'n vergadering belê het, COSAS, waar het hulle 'n vergadering belê? -- Om in die sale van die skool gehou te word.

Nee, maar waar het COSAS of soos u sê die komitee van die skoliere die vergadering belê in September 1984? -- In die saal by die skool.

HOF: Dit is nou die biblioteeksaal? -- Ja.

MNR FICK: En wat het julle by hierdie vergadering besluit in die biblioteeksaal? -- Dat die skoliere sal moet terugkom skool toe om die finale eksamens te gaan skryf.

HOF: Sê vir my, is dié vergadering 'n vergadering alleen van skoliere? -- Ja.

Is daar enige ander vergadering gehou met die ouers? -- Ja.

MNR FICK: Nou die vergadering, laat ek by u so vasstel, wat met die ouers gehou is, wanneer was dié gehou? -- Dit was in September maand.

Voor hierdie een wat julle in die biblioteek gehou het of daarna? -- Na die vergadering in die biblioteek is daardie vergadering gehou.

U het daardie vergadering bygewoon? -- Ja, ek was

teenwoordig / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

teenwoordig.

HOF: En waar is dit gehou? -- In die saal.

Watter saal? -- Community hall.

MNR FICK: En wie het daardie vergadering gereël? -- Die tak van COSAS in Somerset East het dit belê.

Nou wie was die voorsitter van die vergadering? Kan u onthou? -- Ja.

Wie? -- Quintin August.

Was daar ander bestuurslede ook op die vergadering? -- Ja.

Wie was dit? -- Yantolo Sambokwe.

Het hy ook 'n ander voornaam? -- As ek praat van die twee persone, as ek praat van Yantolo praat ek van 'n ander persoon en as ek praat van Sambokwe, is dit ook 'n ander persoon.

So dit is twee persone? -- Ja.

MNR FICK: Nou Yantolo, wat is sy ander naam? -- Ek onthou nie sy naam nie.

En Sambokwe? -- Thembekile.

ASSESSOR: Het hy nog 'n naam? -- Nee, hy is aan my bekend by daardie naam.

MNR FICK: Jy ken nie 'n Jeffrey Sambokwe nie? -- Nee, ek ken hom nie by die naam van Jeffrey nie.

Nou wat was die doel van hierdie vergadering? -- Dit was met die oog dat teruggegaan moet word skool toe.

Maar wat is die doel, hoekom is die ouers daar? -- Sodat hulle ook moet weet van onse besluit.

HOF: Ja, maar ek begryp dit nou nie. Julle het nou in die biblioteek bymekaar gekom en besluit julle gaan terug skool toe. -- Ja.

Al wat dan oorbly is dat julle in die klas instap en vir die onderwysers sê: hier is ons. -- Nee, ons wou dit nie so gehad

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie.

ASSESSOR: Julle het nie die ouers geraadpleeg toe julle besluit het om die skool te boikot nie? -- Dit is so.

Het julle toe net alleen besluit? -- Dit is so.

MNR FICK: En wie het gepraat op hierdie vergadering met die ouers en namens die skoliere? -- Quintin.

Hy alleen? -- En Andile Ntshudu.

Net die twee? -- Mr Gqubane.

HOF: Spel dit asseblief. -- Gqobane.

Is dit die onderwyser? -- Ja.

MNR FICK: Is dit al wat namens die skoliere gepraat het? -- Ja.

HOF: Het mnr Gqobane ook gepraat namens die skoliere? -- Hy het namens die ouers gepraat.

MNR FICK: Het hy kinders op die hoërskool daar by julle? -- Nee.

Nou wie het hom gevra om namens die ouers te praat? -- Dit is die skoliere.

Het daar enige iemand anders namens die ouers gepraat? -- Nee.

Nou waaroor het hierdie Quintin August gepraat op hierdie vergadering? -- Oor die skoliere wat moet teruggaan skool toe dat hulle die finale eksamen moet gaan skryf.

En Andile Ntshudu, waaroor het hy gepraat? -- Andile het ook maar stawend gepraat op dié wat Quintin gesê het, deur te sê die skoliere moet teruggaan skool toe.

En mnr Gqobane, waaroor het hy gepraat? -- Hy het ook maar ter stawing van wat die twee alreeds gesê het, gepraat. En toe verder bygevoeg dat hierdie jaar kan nie sommer net so verbygaan sonder dat daar eksamen geskryf is nie.

Is u die enigste Alex Mapela by daardie hoërskool? -- Ja.

As iemand anders aan die hof gesê het dat u is voorgestel

by / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by die vergadering as lid van die SRC? Of die PRC? -- Dit is nie so nie.

Dit is my geheue dat mnr Gqobane het onder kruisverhoor gesê u is so voorgestel.

MR TIP: I have no recollection of the witness' name coming up at all at that meeting, but Mr Gqobane did at one stage say that he had no knowledge of him being a member of the PRC.

ASSESSOR: Dit is reg. Ek sal dit nou kry.

MR TIP: Your Lordship will find the second portion fairly early on in the cross-examination of Mr Gqobane.

COURT: Not today, yesterday?

MR TIP: It was on the 4th, it is yesterday.

COURT: Early on?

MR TIP: Early on, yes.

ASSESSOR: Mr Gqobane said: Hy is 'n skolier by my skool. Hy is nie een van dié wat homself voorgestel het as 'n bestuurslid van COSAS nie. Hy kan nie goed onthou of Alex op die PRC was nie.

MNR TIP: Dit is my nota ook, met respek, ja.

MNR FICK: Mag ek - ek is jammer, ek het die stukkie nie gehoor nie. Ek het ongelukkig nie self notas nie, ek moet op my geheue gaan.

ASSESSOR: Ja, mnr Gqobane het gesê Alex Mapela is 'n skolier by die skool. Hy was gevra of hy op die bestuur van COSAS is en die antwoord was hy was nie een van dié wat homself as sulks voorgestel het nie. Hy was gevra of Alex op die PRC was, hy het gesê hy kan dit nie goed onthou nie.

MNR FICK: Ek sal dit daar laat, ek is jammer. Nou hierdie vergadering het nou plaasgevind in September 1984 en u is in Oktober terug skool toe? Is dit reg? -- Ja.

Hoe 'n lang tyd het verloop nou van die vergadering tot

julle / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle teruggegaan het skool toe en klasse bygewoon het? -- Ek kan nie meer onthou nie.

HOF: Hoeveel tyd het verloop tussen die biblioteekvergadering en die openbare vergadering? -- Omtrent 'n week.

MNR FICK: U kan nie sê of meer as 'n week verloop het sedert u hierdie vergadering saam met die ouers bygewoon het totdat julle terug skool toe is nie? -- Ek kan so sê ja.

Omtrent 'n week? -- Ja.

En toe julle teruggegaan het in Oktober het julle elke dag normaal klas geloop? -- Ja.

As enige iemand anders vir hierdie hof gesê het julle is in Septembermaand terug skool toe, wat sê jy daarvan? -- Ek weet nie van daardie getuienis van die getuie nie.

Wat sê jy, is dit reg? -- My waarheid is dit is reg om te sê dit is na die week wat die vergadering gehou was dat ons teruggekeer het skool toe.

In Oktober? -- Ek verstaan nie die vraag nie. Ek dink ons het mekaar verstaan toe ek gesê het die vergadering was in Septembermaand gewees. Verstaan ek u dan reg dat u sê na die vergadering in Septembermaand het ons eers in Oktobermaand teruggekeer skool toe?

HOF: Dit is 'n vraag. -- Ja.

MNR FICK: Nou ek wil aan u stel dat u praat nie die waarheid as u vir die hof sê dat u het in Oktobermaand normaal klas toe gegaan tot die einde van die jaar nie. -- Dit is die waarheid, ons het normaal klas bygewoon.

Ek wil aan u stel dat 1 Oktober 1984 toe het daar skoliere na die skoolhoof toe gegaan, mnr Maneli, en vir hom gaan sê dat hulle aanvaar nie die PRC nie, die leerlinge wil 'n SRC hê vir die skool. -- Ek onthou dit nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF: Was die leerlinge gelukkig met die PRC? -- Ek weet nie.

MNR FICK: Ag nee asseblief, meneer. Jy is 'n skolier. -- Ja, ek is.

Dan moet u mos nou weet of u mede-skoliere gelukkig is met die PRC en of hulle iets anders wou gehad het? -- Ek het dit nie in my ore gehad dat ek iets te hore gekom het oor die PRC nie.

HOF: Met ander woorde, u het nog nooit van 'n PRC gehoor nie? -- Ja.

Tot nou in die hof? -- Ja.

MNR FICK: Ek stel aan u, u vertel 'n klomp leuens. Mnr Gqobane het in hierdie hof getuig dat daar was eers 'n prefekstelsel en toe word daar gepoog om 'n PRC in te stel maar die skoliere was nie tevrede met hom nie en hulle het geëis hulle wil 'n SRC hê. -- Hy is die persoon wat dit gesê het. Ek weet nie daarvan nie.

Ek wil verder aan u stel uself was op die PRC. -- Dit is nie so nie.

Ek wil ook verder aan u stel dat op 1 Oktober toe die skoolhoof vir u gesê het dit is onaanvaarbaar, daar kan nie 'n SRC ingestel word nie, het die skoliere die klasse weer geboikot en hulle het rondgemarsjeer en vryheidsliedere gesing op die skoolterrein. -- Ek onthou nie daarvan nie.

En ek wil aan u stel dat op die volgende dag, 2 Oktober 1984, toe het daar leerlinge gekom van die Nojoliskool daar naby julle, en hulle het vir julle gesê hulle kom ondersteun julle en vanaf daardie dag was daar geen klasse nie. Daar was rondgemarsjeer en vryheidsliedere gesing. -- Ek onthou nie dat dit gebeur het nie.

HOF: Nou is dit moontlik dat dit gebeur het of sê u dit het nie gebeur nie? -- Ek sê ek kan dit nie meer onthou nie.

MNR FICK: En ek wil aan u stel dat op 5 Oktober 1984 het die skoliere daar by julle skool weer rondgeloop, vryheidsliedere

gesing / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesing op die skoolterrein en dit het gebeur by die Nojoliskool daar naby julle, en lede van die PRC is daarna na die skoolhoof toe en hulle het geëis hulle wil die aand 'n vergadering hou in die gemeenskapsaal.

HOF: Die PRC is waar na die skoolhoof toe?

MNR FICK: By hierdie hoërskool van die getuie, Somerset-Oos hoërskool. -- Ek onthou nie daarvan nie.

En ek wil aan u stel dat mnr Maneli, julle skoolhoof, het probeer om die saal in die hande te kry, maar hy kon nie die saal in die hande kry nie. Toe is die storie daar versprei by julle skool dat die saal is vir julle geweier. Toe wou die leerlinge mnr Maneli, die skoolhoof, aanrand en hy het homself in sy kantoor loop toesluit. -- Ek onthou dit nie.

Meneer, laat ek dit vir jou reguit sê. So-iets kan u nie vergeet as skoliere die skoolhoof wil aanrand nie. U is blatant besig om te lieg vir die hof as u sê u onthou dit nie. Het dit gebeur of het dit nie gebeur nie? -- Ek sê ek onthou nie daarvan nie.

Toe die skoolhoof die polisie wou bel dieselfde dag, toe het die leerlinge die telefoondraad afgebreek om te verhoed dat hy kan bel. Hulle het die vensters gebreek van die kantore en hulle het die skoolhoof natgespuit met 'n tuinslang. -- Ek onthou nie daardie voorval nie.

En van die skoliere het ou skoollessenaars en ander voorwerpe gebruik om versperrings op te pak vir die polisie, terwyl ander hulself bewapen het met kieries vir gebruik teen die polisie, sou die polisie opdaag. -- Ek onthou dit nie.

Nou na hierdie vergadering wat u gehou het in die gemeenskapsaal waar nou besluit is die skoliere gaan terug skool toe, hoekom het julle gewag tot in Oktober voor julle terug skool toe is?

Dit / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Dit was omdat ander skoliere weggegaan het gedurende die boikot. Ons moes dus vir hulle gewag het om terug te keer, dat hulle almal moet terug wees voor ons weer kan hervat met die skool.

Nou die skoliere waarvoor julle gewag het, het hulle gesê hulle kom in Oktobermaand eers terug of hoekom het julle gewag tot Oktober? -- Die rede is dat daar was van die skoliere gewees wat ver gewoon het, dit wil sê die tuiste van hulle ver was vanaf die skool. Ons moes hulle eers gebel het en met hulle in verbinding tree op een of ander manier en hulle laat weet dat ons moet teruggaan skool toe, alvorens ons teruggaan skool toe.

En as iemand in hierdie hof kom sê het dat die eerste werksdag na hierdie vergadering gehou is met die ouers, is die skool hervat, dan is dit verkeerd? -- Ja.

Ek wil net een algemene aspek met u klaarmaak voordat ek met u gaan na 4 Februarie 1985. Ek wil aan u stel eers die vraag, in watter straat het u gewoon in Mnandi in 1985? -- Khuboni.

Nou ek wil aan u stel dat afgesien daarvan dat u op die PRC was en president van COSAS was, was u op die straatkomitee van Khubonistraat. -- Dit is nie so nie.

Nou u sê op 4 Februarie 1985 was u by die skool gewees en daar was papiere teen die deure gewees? -- Dit is so.

En die doel van die papiere was om die onderwysers uit die klas uit te hou? -- Ja, dit is so.

Het al die onderwysers se klasse hierdie notas aangehad? -- Nee, dit weet ek nie.

Wat het die onderwysers gemaak toe hulle die notas op hulle deure kry? -- Hulle is terug na die personeelkamer toe.

Nou wie het hierdie notas uitgereik? -- Ek weet nie.

Maar julle het seker probeer uitvind wie is die mense wat die notas uitgereik het nadat julle gesê het julle gaan skool

hervat /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hervat? -- Nee, ons het nie probeer om vas te stel wie dit was nie.

Het julle probeer om na die onderwysers toe te gaan en te sê maar dit is nie die meerderheid van julle skoliere se idee hierdie nie; julle weet nie wie s'n dit is nie en julle wil hê hulle moet terugkom klas toe? -- Nee, ons het nie.

HOF: Was dit 'n anonieme nota gewees? -- Ja.

Maar het die leerlingraad of SRC of senior studente dan nie net die goed afgeskeur en vir die onderwysers gesê ons steur ons nie aan die ding nie, ons het daar niks mee te doen nie? -- Nee.

MNR FICK: En julle skoliere het ook nie weer een van julle vergaderings loop hou om te besluit wat gaan julle maak met hierdie notas nie? -- Nee.

Was julle skoliere maar tevrede dat die notas daar op die deure gesit word en dat die onderwysers nie klas gee nie? -- Nee.

En desondanks het julle niks gedoen nie? -- Ja.

Reg, nou op 4 Februarie..

ASSESSOR: Ekskuus. Hoekom nie, meneer? -- Omdat ons nie geweet het wie die papiere daar opgesit het nie.

Maar u is tog 'n senior man in die skool? -- Ja.

En ek verstaan uit u getuienis, en u moet my korrigeer as ek verkeerd is, dat u wou graag aangaan met skool; want u sê u was nie tevrede met die papiere wat op die deure was nie? -- Ja.

Nou maar hoekom het u niks daaraan gedoen nie? Hoekom het u nie aangegaan met die skool nie? -- Dit is omdat die papiere wat toe aan die deure vasgesit was, ons nou verhoed het om voort te gaan met die skool.

Was jy bang? -- Ja.

Vir wie? -- Die onbekende persoon wat daardie papiere aan

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die deure opgesit het.

HOF: Jy was seker maklik een van die grootste manne in die skool, is dit nie so nie? -- Ja.

En jy is bang vir 'n onbekende persoon? -- Ja.

Hoekom? -- Omdat ek nie geweet het of daardie persoon hier tussen ons was nie en wat in staat sou wees om enige iets aan my te doen wat hy goedgedink het om aan die ene te doen wat enige iets doen omtrent die papiere wat aan die deure hang.

Beteken dit enige grapmaker kan 'n hele skool terroriseer? -- Ek weet nie.

Wel, dit lyk so? -- Ja, u sien dit so, maar ek weet nie.

MNR FICK: En julle skoliere het natuurlik onder mekaar gepraat en daar is gesê julle is ontevrede met die storie, is dit reg? -- Nee.

Het niemand iets gesê nie? -- Nee.

Nou waaroor het julle die vergadering belê op 4 Februarie 1985? -- Dat ons moet teruggaan skool toe.

Toe is julle nie bang vir die onbekende persoon nie? -- Nee.

Nou wat het nou verander? -- Dit is juis die rede hoekom ons besluit het om hierdie vergadering te hou, sodat ons kan terug gaan skool toe.

Nee, wat het nou verander? Hoekom is julle nie meer bang vir die onbekende nie? -- Dit was eintlik die gevoel van die skoliere gewees wat gemaak het dat ons besluit het om 'n vergadering te hou.

HOF: Wat is die datum wat u noem?

MNR FICK: 4 Februarie ..

HOF: Op dieseselfde dag? Ons is besig met die 4de toe die papiere op die deure van die skool was. Is die vergadering ook op die 4de?

MNR FICK: Dit is wat ek aflei uit die getuienis. Was die

vergadering / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering ook op dieselfde dag? -- Nee.

Nou wanneer was die vergadering? -- ŉ Dag na daardie dag.

In die skoolsaal? -- Ja.

Nou is die vraag nog steeds wat u moet antwoord: hoekom is julle nou nie meer bang nie? -- Dit is omdat ons besef het dat ons sal onsself moet verplig.

Nou op hierdie vergadering wat julle op 4 Februarie gehou het, wat het julle daar besluit?

HOF: 5 Februarie.

MNR FICK: Die 5de, jammer. -- Ons het besluit dat die skoliere die skoolhoof moet nader en weer met hom gaan praat oor die klagte.

Watter klagte? -- Dit is die klagtes oor die "library equipment, unqualified teachers".

Is dit al besluit wat julle geneem het op hierdie vergadering? -- Ja.

U het dan voortgegaan en gesê dat u het op ŉ stadium saam met ongeveer 200 mense na die administrasieraad se kantore toe gegaan. -- Ja, dit is so.

Vir watter doel is u soontoe? -- Ons het daar gegaan met die doel om te gaan vra vir die gebruik van die saal waarin ons ŉ vergadering kan hou.

Die gemeenskapsaal? -- Ja.

Wie is die "ons" wat die vergadering wil hou? -- Ons die skoliere.

En geen liggaam van skoliere nie, maar die skoliere in die algemeen? -- Nee, dit was skoliere.

En is dit reg dat julle het na die administrasieraad se kantore gegaan op 11 Februarie 1985? -- Ja.

Nou hoe het dit gekom dat 200 van julle gaan vra het vir



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

'n saal? -- Dit is omdat die klompie mense wat soontoe sou gegaan het in 'n klein getal, sou nie die gewig gehad het om op ag geslaan te word nie.

Beskuldigde nr.2 vra of hy vir 'n oomblik verskoon kan word?

HOF: Sekerlik.

MNR FICK: Nou hoe so? Is julle vantevore dan die saal geweier? -- Nee, ons het dit nog nie vantevore gevra nie.

Nou vra ek u weer, waaroor is dit nodig, voor julle weet wat die houding gaan wees, om met 200 mense aan te kom om 'n saal te kom vra? -- Dit is omdat ek al vroeër gesê het dat die min (10 mense wat gaan sou nie die nodige aandag kry nie.

HOF: Kan ek net duidelikheid kry. Waarom moes dit 'n openbare vergadering word? -- Dit was met die oog om die ouers te laat weet.

Wat? -- Dat hulle moet weet dat die skoliere het sekere klagtes waaroor hulle kla.

MNR FICK: Was dit die eerste keer wat julle van plan was om die klagtes van die skoliere oor te dra aan die ouers? -- Ek dink nog. Ek onthou nie.

HOF: Maar hoe lank bestaan die klagtes al? -- Dit is 'n lang tyd.

Jare? -- Ja. (20

MNR FICK: Nou u is deel van die groep wat daar na die administrasieraad se kantore toe gaan en u sê party van die mense het buite gebly. Is dit op die perseel van die administrasieraadkantore? -- Ek is in die perseel in waar daar gepraat was.

Nee, die hoofgroep van 200 is sekerlik nie in die kantore in nie, of is hulle? -- Ja.

Is hulle nou in? -- Bedoel u die 200?

Ja. -- Nee.

Nou hoeveel is in die kantoor in? -- Tien.

En die ander, waar is hulle? -- Party van hulle was nog (30

in / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in die straat waar hulle agtergebly het. Daar was wel van hulle wat op die stoep agtergebly het.

Nou hoeveel het gekom tot op die stoep? -- Ek weet nie.

Weet jy hoeveel van hulle agtergebly het op die straat? -- Ek weet nie.

Ek wil aan u stel daar het niemand in die straat agtergebly nie, die hele klomp van julle het daar na die kantoor toe geloop. -- Daar is nie so-iets nie.

Nou was Andile Ntshudu een van die tien wat in die kantoor in is? -- Nee.

Wie was die leier van die tien wat gaan praat het? -- Zamile Mnyakama.

Nou hoe het dit gekom dat u een van die tien is? -- Ek was daarbuite gekies om een van die mense te wees.

Waar buite nou? -- Buite die kantore.

Maar het julle nie op die vergadering van 5 Februarie 1985 besluit wie is die afgevaardigdes wat moet gaan praat nie? -- Nie op daardie datum nie. Daar was nie 'n besluit wie die afgevaardigdes sou wees nie.

Nou dit was nie die SRC wat gaan praat het nie? -- Nee.

U sien ek wil aan u stel wat aan die getuie Du Pisanie gestel is op bladsy 5 407, volume 108.

ASSESSOR: Herhaal, asseblief?

MNR FICK: Volume 108, bladsy 5 407.

HOF: Ja, lees maar.

MNR FICK: Van die derde paragraaf van bo:

> "Daar is 'n paar aspekte van die getuie waaroor ek u wil vra. Eerstens toe u vir die groep jong mense gesien het op 11 Februarie 1985, u sê dat hulle gelei was deur Andile Ntshudu. -- Dit is reg.

"Is / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"Is hy 'n student of 'n skolier? -- Hy is 'n skolier."

Dan:

"Dra u kennis waarom hulle na die administrasieraadkantore gegaan het of nie? -- Sover my kennis strek om te vra om die gemeenskapsaal te huur.

Heeltemal reg. Was hulle die verteenwoordigers van die SRC van die skool? Weet u of daar 'n SRC was en dat hy en andere gekies was as verteenwoordigers van die SRC? -- Ek weet nie."

Wat sê u daarvan dat Andile Ntshudu en die ander wat daar gaan praat het was verteenwoordigers van die SRC? -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Nou is u een van die tien wat daar in die kantoor ingeloop het en julle kry mnr Rich. -- Ja.

En het julle vir mnr Rich gesê wat kom maak julle? -- Ja, ons het nie kans gekry om alles aan hom te sê nie, ten volle te vertel nie.

Het julle mooi, stil en vreedsaam daar ingekom? -- Ja.

En toe vra mnr Rich vir julle wat wil julle hê? -- Nee, hy het ons nie gevra nie, hy het sommer begin om ons weg te dryf.

Sonder dat hy weet wat julle kom maak? -- Ja.

Terwyl julle vriendelik en vreedsaam daar was? -- Ja.

En hoe het hy julle uitgedryf? -- Hy het ons met 'n kierie uitgewys, en ons eintlik kom dryf met die kierie na buite toe.

Kon julle enige iets sê vir mnr Rich voordat hy dit gedoen het? -- Ek het gesê net toe ons probeer het om hom te sê, het hy ons uitgewys.

HOF: Nr.2 is terug.

MNR FICK: Soos die hof behaag. Het julle toe uitgegaan? -- Ja.

En het u ooit vir mnr Memese gesien tot op daardie stadium? Die burgemeester? -- Ja. (30

Waar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waar was hy? -- In 'n hoek daar by sy kantoor.

En het hy kom kyk wat daar aangaan of het hy met julle kom praat? -- Ek weet nie.

Het hy enige iets gesê vir julle? -- Nee.

Was hy verbaas oor mnr Rich se gedrag? -- Ek weet nie.

Het hy net daar gestaan en kyk? -- Ja.

Niks gemaak nie? -- Nee.

Nou gaan julle uit die vertrek uit? -- Ja.

En wat gebeur toe? -- Toe ons daar uit is, sien ons die werkers wat by die biersaal werk, die biersaal wat front aan die kantoor waar ons was. Dié was gewapen met assegaais en kieries. Hulle het na ons toe gestorm. Ons het toe gevlug.

Nou hoekom storm hulle julle toe? -- Ons weet nie wat die rede is nie.

Het mnr Rich vir hulle geskree hulle moet julle storm of wat? -- Ek weet nie.

Het mnr Rich met hulle gepraat? -- Ek weet nie.

Nee, u kan nie elke sê u weet nie. U is daar op die toneel, mnr Rich staan voor jou; hy jaag julle met 'n kierie uit die kantoor uit - nou het mnr Rich hulle geroep? -- Hy het nie op hulle geskreeu nie.

Het hulle uit hulle eie uit gekom? -- Ja, ons het hulle net daar gesien tevoorskyn kom.

Toe hardloop julle? -- Ja.

En Memese was nog in die kantoor daar agter? -- Ja.

Jy het hom nie weer gesien voor julle van die kantoor af weg is nie? -- Nee.

Het Memese ooit met julle die dag gepraat? By die kantoor? -- Nee.

Ken jy vir Petrus Antonie? -- Ja.

Het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy hom die dag gesien? -- Ja.

Waar het jy hom gesien? -- Tussen die werkers wat vanaf die biersaal gekom het.

Nou u weet, u getuienis klop glad nie met wat gestel is daar gebeur het nie. Die kleinste verskil wat ek kry is dat u sê die mense was gewapen gewees met stokke en assegaaie. -- Ja.

En daar is gestel dat die mense het nie stokke gehad nie, hulle het spiese gehad.

HOF: 'n Spies is darem seker 'n assegaai?

MNR FICK: Assegaaie en spiese.

HOF: Nee, 'n spies is 'n assegaai.

MNR FICK: Ja, maar ek bedoel die stelling is die mense was gewapen met spiese en assegaaie.

HOF: Dit is dieselfde ding.

MNR FICK: Dit is die stelling, edele.

HOF: Dit is nie stokke nie?

MNR FICK: Nee.

HOF: Nou moet u aan die getuie stel dat net gepraat is van assegaaie. -- Dan moet ek presies dieselfde tolk wat ek getolk het van assegaaie - of dit spiese is of assegaaie, dit is dieselfde?

Ja, dit is wat ek aan die advokaat stel.

MNR FICK: Nee, nee, dit..

HOF: Dit maak dit onmoontlik vir die tolk.

MNR FICK: Die stelling wat gemaak is aan die staatsgetuies, laat ons dit so doen, was dat hierdie mense met spiese en assegaaie gewapen was; daar is niks gepraat van hulle was gewapen met stokke nie. Stel aan die getuie..

HOF: Stel aan die getuie dat daar net gepraat is van assegaaie deur die advokaat vir die verdediging toe hy die staatsgetuie

gekruisvra/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gekruisvra het en dat hy nie 'n woord gesê het van stokke nie. -- Daar was stokke gewees.

Nou dan was daar gestel en ek lees vir u van volume 108, bladsy 5 409:

> "Kan u onthou (dit is ongeveer die tweede paragraaf, die derde een) of dra u kennis van die feit dat die burgemeester na die biersaal gegaan het en groep van werknemers van die biersaal uitgeroep het om die jongmense te kom konfronteer."

-- Nee.

En dan op dieselfde bladsy, ongeveer teenoor reël 20:

> "En u was nie daar nie toe die burgemeester daar by die kantore die houding ingeneem het dat julle kleintjies sal nie vir my sê wat om te doen nie. Julle behoort by die skool te wees, en hy het die geweer gebruik en die ander werkers het die jongmense met assegaaie en spiese gedreig."

U was nie daar nie? -- Mnr Memese het nie 'n woord aan ons gesê nie.

Nou sê net vir die hof, die dag toe julle mnr Memese gaan sien het, was dit 'n weeksdag, 'n skooldag? -- Ja.

En was die skoolhoof tevrede dat hier so 200 van julle wegtrek by die skool, die klasse los en daaroor gaan praat? -- Ja.

HOF: Hoekom sê u dat hy tevrede was? -- Dit is omdat hulle ons toegelaat het om te gaan.

Kon hy u keer? -- Dit weet ek nie, of hulle ons sou kon gekeer het nie.

Ja.

MNR FICK: Nou hulle jaag u toe daar weg. Waarheen gaan u toe? -- Skool toe.

Maar was julle nie kwaad vir Rich nie? -- Nee.

Ek stel aan u dat wat u sê daar gebeur het, het nooit

gebeur / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebeur nie. Julle klomp het na hierdie kantoor toe gegaan en julle het daar vir mnr Rich gesê julle soek die burgemeester. Toe sê hy julle kan hom nie nou kry nie, hy is besig om te werk, dit is kantoorure. Toe raak julle moeilik en toe het hy julle uitgedryf uit die kantore uit. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Mnr Rich en mnr Memese het toe in 'n bakkie geklim en toe gooi julle hom met klippe. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Hulle het vir julle weggejaag toe julle hulle met klippe gooi. -- Nee.

Nou ek wil aan u stel julle is nie reguit skool toe nie. -- Ons is direk skool toe.

Julle het eers na mnr Memese se huis toe gaan en na mnr Petrus Antonie se plek toe en julle het die goed gaan stukkend gooi. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Weet jy of mnr Memese of mnr Antonie se huis beskadig was die dag? -- Nee.

Nooit gehoor dat hulle huise se inhoud is basies verwoes nie? -- Nee.

Vandag is die eerste keer wat jy dit hoor? -- Nee, eers twee weke later het ek daarvan gehoor.

Dat die huise op dié dag beskadig is? -- Ja.

En ek wil aan u stel dat ook op dieselfde dag het julle selfs die polisie aangeval en met klippe gegooi. -- Dit is nie so nie.

Reg, u storie is nou dat u gaan daar na die skool toe en op 'n stadium sien u toe weer die voertuig van Rich? -- Ja.

Waar was die voertuig van Rich toe u dit gesien het? -- Naby by die skool.

Maar wat is nou naby die skool? Hoe ver is dit van die skool af - 'n blok, twee blokke? -- 15 tot 16 metres.

En was die polisie ook daar in die omgewing? -- Nee, dit

is / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is voor die polisie gekom het.

Nou wat maak mnr Rich met sy voertuig daar toe u hom gesien het? -- Hy het in die voertuig gesit, "Mzimase", dit is Memese, was buite die voertuig.

En wat maak hulle toe? -- Rich het in die voertuig gesit. Mzimase het daar buite gestaan. Hulle was nie juis besig om iets te doen op daardie oomblik nie. Mzimase is eintlik die naam van Memese. Sy van is Memese, sy voornaam is Mzimase.

HOF: Nou hoekom noem u hom op sy voornaam? -- Dit is omdat ek sy voornaam ken.

Is hy jou portuur? -- Nee.

MNR FICK: Wat gebeur toe nou? U sê daar is Rich in die voertuig en Memese en wat gebeur? -- Na Memese toe gesien het dat daar skoliere was wat hardloop in die teenoorgestelde rigting van die skool, het hy toe op hulle geskiet.

Nou wag so 'n bietjie. Die skoliere, as u sê hulle hardloop in die teenoorgestelde rigting van die skool, hardloop hulle van die skool af weg? -- Ja.

Hardloop hulle in die straat? -- Ja.

HOF: Laat ek net duidelikheid kry. Waar was hulle in verhouding met mnr Memese se huis? -- Hulle was baie ver van sy huis af. Ver van Memese se huis af.

Dankie.

MNR FICK: En mnr Memese skiet nou op hierdie skoliere. Het hy van hulle raakgeskiet? -- Nee.

Het mnr Memese ooit skoliere raakgeskiet? -- Nee.

Nooit skoliere ooit raakgeskiet wat u van weet nie? -- Nie sover ek weet nie.

Nou u was by die skool gewees, u het reguit skool toe gehardloop en by die skool gebly? -- Ja.

En / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En het u die polisie gesien by die skool? -- Ja.

Het hulle op die terrein gekom? -- Ja.

Wat het hulle kom maak? -- Ek weet nie.

En mnr Memese, nadat hy geskiet het, het hy op die terrein gekom of het hulle weggery? -- Hy het by die hek gaan staan.

K1351 Het hy ooit op die terrein gekom met die voertuig? -- Nee, hy het buite gestaan.

Nou wat het mnr Memese gemaak, net daar gebly staan en toe later geloop, of het hy iets kom doen? -- Hy het daar gestaan en hard gepraat of geskreeu.

Vir wie? -- Vir die skoliere.

Watter skoliere? Dié op die terrein of dié wat weggehardloop het toe hy geskiet het? -- Op die terrein van die skool.

Wat het hy vir hulle geskreeu? -- Ek kon nie hoor nie want hy het nie hardop genoeg geskree dat 'n mens van veraf kon hoor nie

Nou nadat hy geskreeu het, het hy gery? -- Ja.

En die polisie is ook weg? -- Ja.

Nou net duidelikheidshalwe, hoeveel skote het mnr Memese geskiet op die skoliere? -- Twee skote.

Nou wil ek aan u stel wat aan die staatsgetuies gestel is wat daar gebeur het. Dit is in volume 108, bladsy 5 411, ongeveer van reël 16 af. Daar is gesê:

> "Is u bewus van die feit dat nadat die burgemeester se huis beskadig het hy, die burgemeester, na die skool gegaan het met sy geweer. Dra u kennis dat hy vergesel was van die polisie en die superintendent van die woongebied wat in twee voertuie by die skool opgedaag het."

en dan die laaste paragraaf, en u sal sien dit word reggestel, edele, dit is 'n verkeerde stelling wat aanvanklik gemaak is:

> "Hulle was nie in die klasse nie en die burgemeester, dra

u / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"u kennis van die feit dat hy sy geweer gebruik het terwyl die skoliere in die skoolterrein was en hy hulle geskiet het. Dra u kennis van die feit dat drie skoliere gewond was."

Wat sê u daarvan? -- Ek onthou dit nie.

Dit is nie u wat so gesê het vir die advokaat dat hy sulke stellings kom maak aan die staatsgetuies nie? -- Wat ek gesê het is wat ek nou net hier in die hof gesê het.

Ek het moeilikheid met jou antwoorde wat jy elke keer gee, jy onthou nie. Jy kan nie vir die hof met alle erns vertel dat daar sou drie skoliere geskiet gewees het op die terrein die dag wat jy daar is en jy kan dit nie onthou nie? -- Ek praat mos die waarheid. Ek onthou dit nie.

Dan wil ek net aan u stel dat daar is geskiet op die skoliere nie op die skoolterrein nie, maar terwyl hulle besig was om klippe te gooi na die polisie en na mnr Memese en Rich, toe is daar ʼn skoot geskiet na hulle. -- Ek onthou nie dat die skoliere ooit klippe daar gegooi het nie.

HOF: Nooit gehoor nie? -- Nee.

MNR FICK: Dan wil ek met u gaan na 16 Maart 1985, by die begrafnis. Toe u by die kerk aankom was daar gesing in die kerk? -- Ja.

Wat was gesing? -- Kerkliedere.

Vryheidsliedere? -- Ja.

Watter? -- "Basebenzi na bafundi

HOF: Is dit een lied? -- Dit is een lied, ja.

Wat beteken dit, mnr die tolk? -- Dit beteken die werkers en skoliere moet

MNR FICK: Kan u asseblief net spel? Die dame van Lubbes het ʼn probleem. -- Basebenzi na.. - verskoon my edele, die getuie

korrigeer/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

korrigeer dit nou en sê "Basebenzi.." wat nog op dieselfde manier gespel word, en "bafundi", wat beteken werkers, skoliere, moet vereniging.

HOF: En nou die laaste woord - "Basebenzi bafundi" en dan? -- Moet verenig. "Manyanane".

MNR FICK: Enige ander vryheidsliedere? -- Dit is net hierdie ene wat ek nog onthou.

Is daar iets gesing wat die naam van Mandela bevat of Tambo? -- Ek onthou nie meer nie?

Nou u het vir die hof gesê u kan nie onthou van die toesprake wat daar gemaak is nie. Waar in die prosessie na die graf het u geloop? -- Ek was tussen die klomp in die middel.

En julle het "freedom songs" gesing terwyl julle gestap het na die graf toe, is dit reg? -- Nee.

Het julle glad nie gesing nie? -- Nee.

Het julle in doodse stilte gestap? -- Ja.

As 'n ander getuie kom getuig het dat julle het vryheidsliedere gesing dan is dit alles verkeerd? -- Dit is daardie getuie wat dit sê.

En wie het die prosessie gelei na die graf toe? -- Die kerkmense.

Ken u vir Matthew Goniwe? -- Ek ken hom, ja.

Het u hom gesien by die begrafnis? -- Ja.

Was hy ook van die mense wat voor was in die stoet? -- Hy was nie voor nie.

En ken u vir Ford Calata?

HOF: Laat ons dit net duidelik kry. Waar was hy dan as hy nie vooraan was nie? Was hy naby aan voor? -- Hy het in 'n kar gery wat in 'n ander straat beweeg het, nie dieselfde straat as die stoet nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR FICK: So hy was glad nie in die stoet nie? -- Nee.

En Ford Calata, ken u hom? -- Nee, daardie ene ken ek nie.

Ken u Elizabeth Sibanda, alias Mama General? -- Nee.

ASSESSOR: Wat is die voornaam?

MNR FICK: Elizabeth.

ASSESSOR: Nie Elias nie? -- Verskoon my, mnr Fick het gesê Elias.

MNR FICK: Ek is jammer as dit so is, Elizabeth. -- Nee, ek ken haar nie.

En het u enige baniere gesien die dag van die begrafnis? -- Nee.

Enige plakkate? -- Nee.

Die getuienis is dat daar vyf soorte baniere was. -- Ek weet nie van daardie getuienis nie.

Die oorledene, was sy 'n lid van COSAS? -- Ek weet nie.

Nou julle kom toe terug by die huis. Was u van die eerstes wat by die huis gekom het van die oorledene of was u in die middel of van die laastes? -- In die middel.

Toe julle nou terugloop, het julle gesing? -- Nee.

Toe u nou by die huis aankom van die oorledene, het u in die huis ingegaan of in 'n tent ingegaan of het u buite gebly? -- Ek was buite.

HOF: In die straat? -- In die "yard".

MNR FICK: Nou hoeveel mense sou u sê het daar aangekom in die huis van die oorledene voor die polisie nou met die poeier daar kom blaas het? -- Omtrent 'n duisend.

Kan dit meer wees? Sê vier duisend? -- Ek sê plus of minus 'n duisend.

Nou wat het u daar gedoen die hele tyd? -- Ek was besig om te eet.

Was / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar nie gesing by die huis nie? -- Nee.

Nou u sien toe hierdie Hippo. Waar kom die Hippo vandaan? -- Van die dorp se rigting af.

En u sê daar is vyf minute tyd gegee. Het u gesien toe die polisie die vyf minute tyd gee vir die mense om te loop? -- Ja.

Was dit 'n blanke polisieman wat dit gegee het, 'n swarte? -- 'n Swart polisieman.

Het hy dit geskree vir julle of hoe het hy dit gemaak, vir julle kennis gegee? -- Hy het geskree.

En het u enige blankes gesien in hierdie Hippo? -- Nee.

Nou net toe die polisieman dit gedoen het, toe ry die Hippo weg? -- Ja.

En hoe lank hierna kom hierdie niesmasjien daar aan?

ASSESSOR: Gaan u nou weg van hierdie voorval?

MNR FICK: Van die Hippo, ja.

ASSESSOR: Van die Hippo. Laat ons net hoor, hoe het hy geskree? -- 'n Mens kon hoor dat daar 'n luidspreker gebruik word.

Watter taal het hy gepraat? -- Xhoza.

Het jy enige Engels gehoor? -- Nee.

MNR FICK: Nou die Hippo is toe weg en hoe lank daarna kom hierdie Landrover? -- In three minutes' time.

Nog voor die vyf minute nog verby is? -- Ja.

En toe u nou hierdie Landrover met die niesmasjien die eerste keer sien, is dit toe hy daar op wat u noem die "square" gestaan het? -- Ja.

Het hy stilgestaan daar? -- Ja.

En terwyl hy nou daar staan, wat gebeur? -- Twee manspersone het na die Landrover toe gestap.

Wie was dit? -- Msukisi Banzana en Mr Goniwe.

Nou hoe het dit gebeur dat hulle twee nou soontoe gestap

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het? -- Nee, ek weet nie.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie opgelos nie. Ons het net besluit om te gaan skryf vir daardie jaar sonder dat daar enige iets aan die eise gedoen was.

Toe het julle besluit om die eise te laat vaar? -- Ons het besluit dat ons moet teruggaan skool toe.

En julle het ook geen verdere stappe gedoen van enige aard in verband met julle eise wat julle gehad het nie? -- Nie in daardie jaar nie, want ons het niks gedoen nie.

Ek wil aan u stel dit is nie wat gebeur het in Oktobermaand nie. Julle het aangegaan met klasboikotte. -- Dit het net gebeur soos ek nou vir die hof vertel want in daardie jaar, 1984, was ek in st.9. Ek het my eksamens deurgekom en ek was gepromoveer na st.10 toe die volgende jaar.

Ek wil aan u stel dat aan die begin van Oktober het julle voortgegaan om eise te stel vir 'n SRC, wat julle toe nog nie gehad het nie. -- Dit het nie gebeur in 1984 nie.

Ek wil aan u stel dat van 1 Oktober 1984 het julle gemarsjeer, vryheidsliedere gesing op die skoolterrein en nie klasse bygewoon nie. -- Daar is nie so-iets nie. Daar is ook nie 'n rede hoekom ons vryheidsliedere sou gesing het nie.

Ek stel aan u dit het so aangegaan tot 5 Oktober 1985, toe het julle selfs gedreig om die skoolhoof aan te rand; sy kantoor is gebreek en julle het padversperrings om die skool aangebring.

<u>HOF</u>: Wat was die datum, 5 Oktober?

<u>MNR FICK</u>: 5 Oktober 1984. -- Nee, daar is nie so-iets nie. In 1984 het dit nie gebeur nie.

Ek wil dan met u gaan na die vergadering wat u vertel plaasgevind het in Januarie/Februarie 1985 in die Apostoliese kerk. Wie sê u wie het hierdie vergadering belê, byeenkoms? -- Ek weet nie. Ons is genooi vanaf die skool om die vergadering by te woon. Ek weet nie wie dit belê het nie.

En / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En hoe is vir julle gesê, wat is die doel van hierdie byeenkoms? -- Volgens dr Boesak se toespraak het hy gesê dat hy vir almal kom bid het wat in die tronke sit van die Kaap, dat die persone vrygelaat moet word.

HOF: In tronke van die Kaap? -- Ja, die tronke van die Oos-Kaap.

Nou maar het die hele skool dan in skooltyd, onderwysers en kinders, na die vergadering toe gegaan? -- Ja.

Die prinsipaal ook? -- Ja, hyself was ook daar.

So die skool is eintlik gesluit vir die vergadering? -- Ja.

Vir die bid - ja, vir die biduur of wat ookal.

MNR FICK: Nou wie was die voorsitter van hierdie byeenkoms? -- Daar was nie 'n voorsitter gewees nie.

Is alles gedoen deur eerwaarde Boesak? -- Ja.

En u sê die vergadering het so by 12h30 se kant begin omdat eerwaarde Boesak laat was? -- Ja, hy was laat en ook haastig terselfdertyd.

En julle hele skool se mense sit toe daar en wag van 12h00 af by die kerk? -- Ja, ons het gewag.

Die onderwysers ook? -- Ja, die onderwysers ook.

En normaalweg hoe laat kom julle skool in die dag uit? -- Destyds 13h45.

U sien, hier is ander getuienis dat hierdie vergadering het eers 14h00 begin. -- Wat ek onthou gebeur het is dat hy daar opgedaag het om 13h30. Die vergadering was bedoel vir 12h00 maar hy het toe eers 13h30 daar gekom.

Hoe laat het hy klaargemaak? -- Omtrent 13h00.

So as iemand 14h00 daar opgedaag het by die plek dan het hy die hele vergadering gemis? -- Nee, daardie persoon sou nie die vergadering gekry het nie.

Toe julle nou klaarmaak is julle terug skool toe almal?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, terug skool toe.

Verder skoolgegaan? -- Ja.

Nou die eerwaarde Boesak wat gesê het dit is in verband met die mense wat in die gevangenisse sit in Oos-Kaap, het hy gesê watter mense? -- Hy het nie gesê nie. Hy het net gesê hy kom bid vir almal wat in die tronk sit. Hy het nie spesifieke persone of tipe mense genoem nie.

Maar het hy nou gesê hy kom daar in sy hoedanigheid as ŉ predikant of hy kom daar as ŉ man van UDF of een of ander kerk? -- Hy het gesê hy kom daar as ŉ predikant.

Nou het hy een of ander toespraak gemaak of het hy net vir julle gelees uit die bybel en gebid? -- Hy het uit die bybel gelees en toe gebid.

Geen toespraak gemaak nie? -- Hy het iets te sê gehad.

Maar het hy gepreek oor wat hy gelees het of het hy ander goed gepraat? -- Hy het uit die bybel uit gelees.

HOF: Nee, nou antwoord u nie die vraag nie. Ek neem aan hy het eers uit die bybel gelees, maar het hy na uit die bybel gelees het, die bybel verklaar en daaruit gepreek of iets vertel daaroor, of het hy iets heeltemal anders behandel? -- Nee, na hy uit die bybel gelees het, het hy gepreek oor wat hy uit die bybel gelees het.

MNR FICK: En het dit in die algemeen iets te doen gehad oor mense in gevangenisskap? Dit wat hy gelees het, het dit iets te doen gehad met mense in gevangenisskap? -- Ja, dit het iets te doene gehad met die mense.

HOF: Watter mense? -- Die mense wat in die tronke sit wat hy voor gebid het.

Kan u net vir my sê, is dit alle mense in tronke of is dit net sekere kategorieë mense in die tronk? -- Wat hy gesê het

was / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was dat hy bid vir die mense wat in die tronk sit in die Oos-Kaap.

Het u van hulle geken? -- Daar is van hulle wat ek ken wat in die tronk was.

MNR FICK: Het eerwaarde Boesak enige name genoem? Van die mense vir wie hy bid? -- Nee, hy het niemand se naam genoem nie.

HOF: Dek dit dan nou almal wat in die tronk is, mense wat diefstal gepleeg het ook? -- Ja, die diewe ook, almal.

Ja, dankie.

MNR FICK: Wat was die algemene doel, die boodskap van eerwaarde Boesak? Dat die mense vrygelaat word of dat hulle onregverdig aangehou word? -- Hy het gebid dat die mense vrygelaat moet word.

En toe hy gepreek het, het hy ook daaroor gepreek, dat die mense moet vrygelaat word? -- Ja.

En het hy gepreek of gebid waaroor die mense vrygelaat moet word? -- Nee, hy het nie redes gegee nie.

Het hy nie dalk gesê dit is die regering se skuld dat die mense in die tronk sit nie? -- Nee, hy het nie gesê nie. Hy het net gebid vir die mense, dat die mense vrygelaat word.

En na hy gepreek het, het hy gebid en toe is hy weg? -- Ja.

In watter taal het hy gepreek en gebid? -- In Engels.

En as enigiemand anders vir die hof kom sê maar die man het behalwe om te bid, het hy nog gepraat oor ander goed; heeltemal ander goed wat niks te make het met mense in gevangenisskap nie, wat sê jy daarvan? -- Al wat ek gehoor het is toe hy gebid het vir mense wat in die tronke sit en niks anders het hy gesê terwyl ek daar was, wat niks te doene gehad het met die gebid nie.

En behalwe eerwaarde Boesak het enige iemand anders gepraat? -- Niemand anders het gepraat nie.

By / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

In hierdie byeenkoms, was dit self 'n biduur gewees? -- Ja, dit was 'n biduur gewees toe daar gebid is.

Niemand anders het gebid op die byeenkoms nie, net eerwaarde Boesak? -- Ja, net hy.

Daar is nie gesê vir julle op hierdie byeenkoms dat die doel van hierdie byeenkoms is daar moet gereël word vir bidure vir mense in gevangenisskap nie? -- Nee, hy het gesê hyself is daar om te kom bid vir die mense wat in tronke sit.

En as enigiemand in hierdie hof gesê het dat hy het gekom en gesê hy is besig om te reël dat daar bidure gehou moet word in die toekoms vir hierdie mense en hy het toe gepraat oor die werkgewers wat hulle werknemers moet ordentlik betaal, dan is dit alles leuens?

HOF: Mnr Tip, sal u die dame meedeel dat in 'n hof daar net een advokaat staan hier voor?

MNR TIP: Ek sal so maak, edele.

HOF: Dankie. -- Ek het nie gehoor dat hy iets daaromtrent gesê het nie, dit wil sê aangaande die werkgewers en die werknemers se storie; en dat daar voorbereidings moet doen vir bidure. Wat ek wel gehoor het is wat ek nou net van gepraat het, vir die hof vertel het wat daar gebeur het.

MNR FICK: Nou dié mnr Gqobane, is dit 'n algemene van daar in jou omgewing? -- Ek ken net die onderwyser Gqobane.

Nou het u die dag vir Panana Njenje gesien? -- Ja, hy was ook daar teenwoordig.

Andile Tshudu? -- Hy was ook teenwoordig.

Ek wil aan u stel dat wat by hierdie vergadering gebeur het is glad nie wat u sê dit is, naamlik dat dit 'n biduur was nie. Ek wil aan u stel dat hierdie was 'n vergadering wat deur COSAS en SEYCO en SERA gereël was. -- Nee, daar bestaan nie so-iets

nie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

En Matthew Goniwe het gepraat op hierdie vergadering. Hy was nie net 'n tolk nie, hy het 'n toespraak gemaak. -- Hy het nie eens begin praat nie.

En ek stel aan u hy het gepraat oor straatkomitees en hy het gesê die straatkomitees moet gestig word in Somerset-Oos en hulle taak sal onder andere wees om die werk oor te neem wat die raadslede gedoen het tot dusver. -- Nee, daar was nooit so-iets daar gesê nie.

En hy sou ook gesê het dat die mense moenie meer by die polisie gaan kla in die toekoms nie, maar by die straatkomitees oor enige klagtes in die woonbuurt. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Dan wil ek met u gaan na die SEYCO wat u van praat. U sê in Oktober 1984 is u genader deur Panana Njenje. -- Ja.

En het u en Panana met die gemeenskap gepraat om te hoor wat die mense se gevoel is oor SEYCO? -- Ja.

Was dit net u en Panana wat so saamgewerk het of was daar nog ander mense ook? -- Daar was ander mense ook wat betrokke was, dit was nie net die twee van ons gewees nie.

Hoeveel was julle? -- Toe ons met die mense gepraat het was ons vier persone gewees.

Vier? -- Vier.

Mzukisi Banzana, was hy een van hulle? -- Ja, hy was een van ons.

En wie was die vierde persoon? -- Thandi Njenje.

Nou het julle julleself 'n komitee genoem of hoe het die ding gewerk? -- Ons het nie onsself 'n komitee genoem nie, ons het net met die mense daar gepraat.

Hierdie SEYCO wat julle toe nou gestig het uiteindelik,

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het hy enige ouderdomsbeperking gehad wat sy lede betref? -- Ja.

Wat was dié? -- Tussen 15 en 30 jaar.

HOF: Was daar 'n beperking op die soort persoon wat daaraan kon behoort? -- Nee, daar was geen beperking gewees wat dit betref het nie.

So mense wat nie werk nie, wat wel werk, wat skoolgaan, al daardie mense kon lid wees? -- Ja.

MNR FICK: En julle het dit seker opgeneem in die COSAS bestuur, die skoliere, hoe voel hulle daaroor dat die skoliere lid moet word van SEYCO? -- Nee, ons het nie met COSAS gaan praat nie.

Het COSAS van hulle kant af enige besware gehad? -- Nee, hulle het nie die reg gehad om beswaar te maak nie.

Is dit so dat julle van SEYCO toe hy later gestig is en COSAS het inderdaad goed saamgewerk? -- Nee, daar was nie samewerking gewees nie.

Nooit? -- Nee, COSAS het nog nooit saamgewerk met SEYCO oor enige dinge, of hetsy saamgesit en iets bespreek of saamwerk in die sin dat hulle iets saam doen nie.

Nou het SEYCO toe hy nou gestig is, skoliere gehad as lede? -- Ja, hy het gehad.

Nou wat was SEYCO - net vir 'n voorbeeld - se houding oor hierdie Februarie 1985..

HOF: Kan ek net 'n ding vra. Is SEYCO se hele bestuur skoliere gewees? -- Nee, nie almal skoliere nie.

Merendeels? -- Daar was wel skoliere betrokke gewees in SEYCO, maar dit was nie net skoliere gewees nie.

Nee, die vraag is of die meerderheid van die bestuur van SEYCO skoliere was? -- Nee, dit was nie die posisie gewees nie.

MNR FICK: Kyk, uself was 'n skolier? -- Ja.

Mzukisi Banzana was 'n skolier? -- Nee, in daardie tyd was

Mzukisi / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Mzukisi nie 'n skolier gewees nie.

Hy was in 1984 'n skolier? -- Selfs in 1984 was hy nie 'n skolier gewees nie. Hy was net iewers daar in Somerset-Oos.

Panana Njenje? -- Panana Njenje was 'n skolier gewees, 'n student van Cape College.

HOF: Wat is Cape College? -- Dit is 'n onderwyskollege.

Op Somerset-Oos? -- Fort Beaufort.

For Beaufort. Ja?

MNR FICK: En Ntombentsha Dilima? -- Sy was 'n skolier gewees saam met Panana te Cape College.

HOF: Kom ons noem dit maar 'n student. As jy darem uit matriek uit is dan word jy 'n student. -- 'n Student gewees, ja.

MNR FICK: Thozi Mjeza? -- Dit is Mjeza, nie Mjesa nie.

Mjeza, ja. -- Sy was nie 'n skolier gewees nie, sy was 'n werker.

HOF: Wat is dit,Thozi? -- Hy, dit is 'n hy. Hy was 'n werker, hy was nie 'n skolier gewees nie.

MNR FICK: Nou u het van Oktober 1984 saam met hierdie drie ander persone die gemeenskap se gevoel probeer bepaal oor die moontlike stigting van 'n jeugorganisasie? -- In Oktober?

Oktober 1984. -- Ja.

En toe het u in Desembermaand 1984 weer 'n vergadering, 'n openbare vergadering belê? -- Ja.

Daar het julle 'n komitee gekies? -- Ja.

Hoekom sê u dan vir die hof dit was 'n interim komitee? -- Dit is omdat hulle nog nie lede was van die organisasie nie.

HOF: Wie nog nie lede was nie? -- Wat ek daarby bedoel is ek bedoel nie dat ons nie lede was van die organisasie nie. Ons was wel lede van die organisasie, maar dit is omdat ons nie gesê was dat ons daar gekies word nou as 'n bestuurskomitee van die

organisasie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

organisasie nie, dit is om daardie rede dat ek sê ons was nog nie volledige lede in die sin van 'n komitee nie.

Maar het julle nie by hierdie vergadering die organisasie SEYCO gestig nie? -- Nee, by hierdie vergadering was ons daar gekies as mense wat net na die klagtes van die inwoners sal luister, nie as mense wat nou op die komitee of as lede van SEYCO was nie. Daar sou nog besluit geword het deur middel van verkiesings wie die mense gaan wees wat die bestuur van SEYCO gaan word.

Het julle op hierdie stadium al 'n grondwet gehad? -- 'n Wat?

'n Grondwet, konstitusie? -- Nee, daar was toe nog nie 'n grondwet nie.

Is daar ooit een opgestel? -- Ja, later was daar.

Wie het hom opgestel? -- Ons, met die hulp van die gemeenskap in die saal het dit opgestel.

HOF: Op hierdie dag? -- Nee, nie op daardie dag nie.

MNR FICK: Nou wanneer dan? -- Die vergadering waar die bestuurskomitee verkies was, is dieselfde vergadering waar die grondwet opgestel was.

Is dit die vergadering wat u genoem het, die tweede vergadering wat in Januarie 1985 plaasgevind het? -- Ja.

HOF: Daardie tweede vergadering, is dit ook die laaste vergadering wat julle gehou het? -- Ja, die tweede en die laaste.

MNR FICK: Hoekom was dit die laaste een sê u? -- Wat gebeur het is Panana en Mzukisi was aangehou. Ntombentsha Dilima is toe weg, dit wil sê daar bly nou net twee van ons oor. Ons kon toe niks verder uitgevoer het nie.

Wanneer het dit nou gebeur dat hierdie twee aangehou is en Ntombentsha weg is? -- Toe die twee in aanhouding geneem was,



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was dit in Maart. Ntombentsha is voor Maartmaand weg.

HOF: Dit is nou 1985? -- Ja.

MNR FICK: Nou op hierdie tweede vergadering in 1985 sê u vir die hof is daar 'n grondweg voorgelê? -- Ja.

En die aktiwiteite wat julle beplan het vir SEYCO is nie vir my duidelik nie. Het julle enige iets toe reggekry of het daar niks plaasgevind nie? -- Van hulle het ons toe voortgesit.

Julle disko het nooit plaasgevind nie, is dit reg? -- Verskoning?

Die disko het nooit plaasgevind nie. -- Nee, ons het hulle gehad. Ons het eintlik twee van hulle gehad.

Het julle julle speletjies georganiseer? -- Ja.

En watse probleme van die gemeenskap het julle opgelos? -- Dit is dié wat ek alreeds van gepraat het, van die hulp wat ons verleen het aan die bejaarde ouers wat probleme gehad het met die huurgelde byvoorbeeld van twee maande, dan gee ons die geld vir die persone om die huur te gaan betaal.

Het julle op hierdie vergadering in Januarie 1985 enige kleure aanvaar as julle kleure? -- Ja, by hierdie vergadering.

Wat was julle kleure? -- Yellow, green and black.

En julle vlag, was dit in bane gewees wat horisontaal was van bo na onder? -- Nee, dié was nie so gewees nie.

Hoe het julle julle banier..

HOF: 'n Horisontale baan is gewoonlik van links na regs, nie van bo na onder nie. 'n Vertikale baan is van bo na onder.

MNR FICK: Ja, ek het dit net andersom. Het julle kleure van bo na onder gegaan, swart, groen, geel of in 'n ander volgorde? -- Nee, ons het dit nie so gehad nie.

Hoe het julle dit gedoen? -- Ons het geel T-hemde gehad met die kaart van Afrika wat op die T-hemp geteken is, swart en

dan / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dan word sekere plekke gemerk op die kaart, dit wil sê binne in die tekening van die kaart, met groen.

Is daar enige spesifieke rede hoekom julle hierdie kleure gekies het? -- Die enigste rede wat ek aan kan dink is dat ons wou kleure gehad het wat 'n mens duidelik kon sien, byvoorbeeld as jy nou 'n mengsel het van hierdie kleure, dan het jy 'n goeie kontras.

Is u bewus daarvan dat swart, groen en geel ook die ANC se kleure is? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek het net daarvan gehoor.

Maar as jy daarvan gehoor het dan weet jy dit mos? -- Ja, ek sê ek het gehoor daarvan. Voor ek gehoor het daarvan het ek nie geweet nie, maar na ek daarvan gehoor het, het ek dit geweet.

HOF: Dit is ons almal se posisie gewoonlik. -- Ja, ek het ook daarvan gehoor.

Die vraag is wanneer het u daarvan gehoor? -- Dit is lank terug, om en by 1985 se tyd.

MNR FICK: Begin 1985? -- Ja, daar rond.

Is dit nie maar die rede hoekom julle hierdie kleure gekies het nie, omdat julle weet swart, groen, geel is die ANC se kleure. -- Nee, dit was nie die rede gewees nie.

HOF: Net interessantsheidshalwe, wat het die groen kolle aangedui, mielielande? -- Nee, dit was die merke van dorpe wat jy daar kan kry.

MNR FICK: Nou u sê hierdie banier wat u gehad het, het u gekry in Junie 1985? -- Ja.

Maar hoekom toe eers? -- Dit is omdat voor daardie tyd het ons nog nie genoeg geld gehad om daarvoor te kan betaal nie. Die min geld wat ons gehad het was gewees vir noodgevalle.

As ek u getuienis reg verstaan sover, probeer u vir die

hof /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hof sê dat van Maartmaand of om die waarheid te sê voor Maartmaand al, het julle bestuurskomitee uitmekaar uit begin gaan. Nou wie het dan in Junie 1985 besluit dat hierdie is die banier van die organisasie? -- Ek en Thozi, die enigste oorblywende lede van die bestuurskomitee het 'n sekere man gevra om dit vir ons te laat maak.

Vir watter doel? -- Net dat ons dit moet hê.

Nee maar kyk, hier is net twee lede oor van die bestuur, die meerderheid is weg. Waarom sou julle nou op hierdie stadium vir 'n organisasie wat vir my lyk stagnant is, 'n banier wil hê? -- Ons wou dit net gehad het.

Ek stel aan jou dat die moeilikheid wat jy het wanneer jy antwoord gee, is omdat jy nie die waarheid praat nie. Julle het hierdie kleure lankal al aanvaar, voor die tyd. -- Nee, dit is nie so nie.

En ek wil aan u stel in Maartmaand 1985 het u hierdie banier van SEYCO al vertoon op 'n begrafnis. -- Nee, dit is nie so nie.

Hoe het dit gekom dat u in April 1985 na die vergadering van SERA toe is? -- Ek het daarvan gehoor dat daar 'n vergadering gaan wees van SERA. Ek het toe die vergadering bygewoon.

As 'n lid van die gemeenskap of as 'n bestuurslid van SEYCO? -- Wat wat gedoen het?

Hoe het u die vergadering bygewoon, as gewone inwoner of as bestuurslid? -- Ek het soontoe gegaan net as 'n persoon, nie in my hoedanigheid as 'n lid van SEYCO nie.

Nou is dit nie so nie dat SERA het voor hierdie tyd in April 1985 al bestaan. -- Ek het nie van SERA gehoor voor die vergadering wat ek bygewoon het daardie dag nie.

Stem u saam dat die vergadering wat u bygewoon het is nie 'n stigtingsvergadering gewees nie? -- Ek stem nie saam nie, want

by / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by daardie vergadering was daar mense geki.s gewees as lede in die komitee van SERA en ons het hulle gesien.

Nou maar u weet nie of daar vantevore 'n ander komitee was nie? -- Nee, daar was nie vantevore 'n komitee gewees nie.

Op watter basis kan u dit vir die hof sê? -- Op grond daarvan dat ek vir die eerste keer in Somerset-Oos gehoor het van SERA die dag wat ek die vergadering bygewoon het.

Ek wil aan u stel dat hierdie SERA was in Maartmaand, was hulle ook al verteenwoordig op 'n begrafnis gewees. -- Ek het nie van SERA se bestaan in Maartmaand gehoor nie. Dit was eers in Aprilmaand by hierdie vergadering wat ek die eerste keer gehoor het van SERA.

Die volgende aspek wat ek met u wil behandel is die kwessie van Februarie 1985, die skool, wat daar gebeur het toe die boikot weer begin het in Februarie 1985. Hierdie kennisgewings wat julle so teen die deure gekry het, het daarop gestaan wie het dit uitgereik? -- Nee, dit het nie daar geskryf gestaan nie.

En het almal daar by die skool rondgeloop en probeer uitvind wie het hierdie goed opgesit? -- Ja.

Julle het om die waarheid te sê onmiddellik 'n vergadering belê dieselfde dag? -- Ja.

As iemand nou vir die hof kom sê het dat daardie dag was daar geen vergadering gehou nie, dit was doodstil gewees. Almal was verskriklik bang vir hierdie kennisgewings op die deure, wat sê jy daarvan? -- Dit is nie die waarheid nie, ons het iets gedoen.

Toe hou julle vergadering en u sê die skoliere kom sê hulle het klagtes. Nou wie is hierdie skoliere? -- Dit is almal die skoliere by daardie skool wat gekla het, maar toe ons verdere ondersoek ingestel het, het ons gevind dat daar leiers was

van / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die skoliere aangaande hierdie klagtes en een van hulle, na die ondersoek ingestel was, wat ek nog kan onthou, se naam is Toto Nangu.

En het julle toe vir die onderwysers loop sê kyk, julle het uitgevind die agtergrond van hierdie kennisgewings op die deure en wat die probleem is? -- Ja.

Het julle dieselfde dag teruggegaan na die onderwysers toe of na die skoolhoof toe en vir hom gesê kyk, ons het nou net 'n vergadering gehou. Die skoliere sê ons klagtes is nie oorweeg nie en ons gaan nie terug klas toe voordat dit oorweeg is nie. -- Ja, ons het die prinsipaal genader.

Is dit reg dat die enigste besluit wat op hierdie vergadering geneem is die dag was dat die klasboikotte gaan aan totdat die inspekteurs beskikbaar is oor twee dae? -- Ja.

En het die klasboikotte toe vir twee verdere dae aangegaan? -- Ja.

En na die twee dae, is julle terug klas toe? -- Nee, ons het nie teruggekeer klaskamers toe nie.

Hoekom nie? -- Omdat ons die inspekteur, mnr Phephetha daar saam met ons vergader het en nadat hy gehoor het wat die klagtes was, het hy gesê dat hy die griewe ook na die kantoor toe sal gaan gee en hy sal hoor wat besluit die kantoor, na aanleiding waarvan ons toe ook as skoliere besluit het dat ons ook nie na die klaskamers toe terug sal gaan nie, tot tyd en wyl ons hoor wat sy kantoor, dit is Phephetha se kantoor, besluit het.

ASSESSOR: Is dit op Uitenhage? -- Ja.

MNR FICK: En nou tot wanneer het die boikot aangehou? -- Tot ons besluit het op 'n dag dat op die Maandag ons 'n vergadering gaan hou en dat ons die ouers moet kry om in 'n saal te kom waar ons die hele ding met hulle moet bespreek.

Sê / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Sê nou net, kom ons probeer dit makliker maak. In 1985, het die boikot ooit opgehou? -- Nee, op die ou einde het ons glad nie skool toe gegaan in 1985 nie.

K1354 En die rede waarom julle die hele 1985 nooit skool toe gegaan het nie, is wat? -- Die redes daarvoor is in die eerste plek die boeke wat ons gevra het wat tekort was, het ons nie gekry nie. Tweedens, toe ons die saal gaan vra het vir die gebruik daarvan om met die ouers te kan vergader, dit het ons nie gekry nie. So dit is waar die dinge nou sleg geword het. Alles het nou versleg, ons kon nie weer met die ouers vergader nie.

Het julle skoliere daarna weer enige pogings aangewend om te vergader met hetsy die onderwysers of die skoolhoof of die ouers? -- Nie na ons nie meer die goed kon kry wat ons gevra het nie. Ons het nie meer 'n vergadering gehou nie.

Verstaan ek u reg, die vergadering wat hier gehou is op 4 FEbruarie 1985, was die laaste vergadering wat julle ooit gehou het? -- Nee.

Wanneer was die laaste vergadering wat julle skoliere gehou het? -- Dit was die 11de, op 'n Maandag.

<u>HOF</u>: 11de wat? -- 11 Februarie.

1985? -- Ja. Dit is die dag wat ons gaan vra het vir toestemming vir die gebruik van die saal waar ons met die ouers wou vergader het.

<u>MNR FICK</u>: Nou dit was die laaste keer wat julle ooit vergader het? -- Ja, dit was die laaste vergadering van skoliere.

En nòg die SRC nòg COSAS het verdere pogings aangewend om vergaderings te hou in 1985? -- Ja kyk, na die gebeure van die dag, die Maandag toe ons die saal gaan soek het of die toestemming gaan vra het vir die gebruik van die saal, het die skoliere nie meer teruggegaan skool toe nie tot die einde van die jaar.

Weet / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Weet u of die skole gesluit was daarna in 1985? -- Ja, ek weet daarvan.

Wanneer het die skole gesluit? -- Die skole was gesluit in 1985, dit is reg, maar die skool waar ek was as skolier, dié was nie gesluit gewees nie. Ons het self opgehou om skool toe te gaan op ons eie.

En u getuig dan ook dat op 'n sekere Dinsdag is daar 'n berig ontvang, dit is nou na die Februarie-vergadering, dat daar twee skoliere in aanhouding is by die polisie? -- Ja.

Weet u waar..

HOF: Ekskuus, laat ek net duidelikheid kry, ek het 'n bietjie vergeet. Hoe lank was dit na 11 Februarie? -- Bedoel u dat ons nou opgehou het om skool toe te gaan?

Nee, die berig van die twee wat in aanhouding is. -- Nee, dit was die vergadering van die 4de, daar rond, net na daardie vergadering het ons die berig gekry. Dit is voor die 11de se vergadering wat dit gebeur het.

Dankie.

MNR FICK: En waarvoor was hierdie mense, die skoliere, in aanhouding? -- Hulle was aangehou omdat daar gesê is dat hulle die mense is wat leiers is van COSAS en hulle is die mense wat vergaderings hou by die skool.

HOF: Wie was die twee nou? -- Ek onthou die een, Lulamile Yantolo.

Net een? -- Ek onthou net sy naam. Dit is net hy wat ek kan onthou op die oomblik.

MNR FICK: En hy was op die bestuur van COSAS? -- Ja, hy was op die bestuur van COSAS.

Die ander persoon wie se naam u nie kan onthou nie, was hy ook op die bestuur van COSAS? -- Ja, hy was.

Nou / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nou weet u wanneer hulle vrygelaat is weer? -- Die Donderdag wat mnr Phephetha daar was, die inspekteur, dit is die dag wat ons saam met die skoolhoof na die polisie toe gegaan het, mnr Labuschagne, is hulle vrygelaat.

HOF: Dit is nou die Donderdag voor daardie Maandag, 11 Februarie? -- Ja.

MNR FICK: Nou ek wil dan met u gaan na 11 Februarie 1985. Nou u sê in u hoofgetuienis dat die skoliere het julle geroep na die skoolsaal toe. Wie is nou die skoliere wat julle ontbied het na die skoolsaal toe op hierdie oggend? -- Mense soos Toto Nangu is een van die mense wat ons na die saal toe geroep het.

En julle het toe 'n vergadering daar gehou en daar is besluit of daar is gesê julle gaan nie skool toe nie, of klasse bywoon nie, totdat julle klagtes oorweeg is? -- Ja.

En julle SRC lede stel toe voor dat julle 'n saal in die hande moet kry om die ouers uit te nooi en hulle in te lig? -- Ja.

U weet, hier is getuienis wat die hof moes hoor verlede week dat hierdie besluit om na die raad se kantore toe te gaan op 11 Februarie was al geneem op 5 Februarie 1984 by 'n vergadering by die skool. -- Na wie se kantoor?

5 Februarie 1985. -- Ja, na wie se kantoor, die raad?

Die raad se kantore. -- Nee, dit is nie so nie. Dit was besluit op die vergadering van die 11de.

Daar is ook toe besluit dat die SRC se lede is te min, al die skoliere moet saamgaan? -- Ja.

HOF: Hoe groot was julle skool? -- Tussen 600 en 700 skoliere.

MNR FICK: Nou hoekom het al 600 of 700 toe nou nie saamgegaan soos julle besluit het nie? -- Ek weet nie hoe dit gebeur het dat die ander agtergebly het nie, maar toe ons soontoe gegaan het

was / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was ons 'n goeie groot klomp.

Maar het julle hulle nie opgestel in 'n prosessie en gesê luister, laat ons vreedsaam afstap nie? -- Nee, ons het sommer net so normaal gestap.

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE /

DIE / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT NA MIDDAGETE

JAMES BONISILE PLAATJIE, nog onder eed - (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Dankie. Nou terwyl julle so afstap na die kantore toe, het julle geloop en sing? -- Nee.

Loop en skree? -- Nee.

Doodse stilte gestap? -- Ons het net so met mekaar gesels, normaal.

En voor julle daar weg is by die vergadering, het julle besluit wie gaan die praatwerk doen namens die hele skool? -- Nee.

U kan tog nie ernstig wees as u dit sê nie? Julle nooi die hele skool uit om saam te gaan? -- Nee, ons het net saamgegaan maar dit is nie almal van ons wat gaan praat het nie.

En het julle toe besluit voor julle weg is of almal in die kantore ingaan of in die perseel gaan of tot waar die mense gaan? -- Ons het besluit dat die res van die mense daarbuite sal staan ongeveer tien mense sal ingaan.

Het julle by die skool al besluit dat daar sal tien mense wees wat ingaan? -- Ja.

En het julle dié tien by die skool al aangewys? -- Niemand is uitgewys nie, dit het net afgehang van die mense wat besluit om op hulle eie in te gaan, te "volunteer".

Maar het julle nie toe daar by die vergadering besluit maar kyk, ons moet nou darem die tien aanwys sodat al twee honderd nie begin vrywillig aanbied om in te gaan nie? -- Nee, ons het nie besluit wie almal sal ingaan nie, maar ons het geweet dit is nie al die mense teenwoordig wat sal ingaan nie.

Nou kom julle by die raadskantore aan, die terrein. Wat gebeur daar buite die terrein? -- Die terrein van?

Die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die terrein van die kantore van die raad. -- Met ons aankoms daar het ons daarbuite gestaan en dié wat besluit het om in te gaan het toe ingegaan.

Was dit die tien? -- Ja, my skatting van die mense was ongeveer tien.

Nou die ongeveer tien is toe in en die res het op die perseel agtergebly? -- Ja.

En stil en rustig daar gestaan? -- Ons het daar stil en rustig gestaan.

En die tien is toe in die kantoor in? -- Ja.

En waar is hierdie tien aangewys? -- Niemand het hulle uitgewys nie, hulle het op hulle eie daar besluit dat hulle namens ons gaan praat.

Ken jy vir Alex Mapela? -- Ja.

Was hy een van dié wat in die kantore, die perseel, ingegaan het? -- Ja, Alex het ingegaan.

Het hy homself vrywillig aangebied, is hy verkies, of hoe het die ding gewerk? -- Dit is mense wat vrywillig besluit het om in te gaan wat daar ingegaan het. Hy was nie uitgewys nie.

U weet, Alex Mapela het vir hierdie hof 'n ander storie vertel van wat sou gebeur het. Hy het vir die hof gesê 'n klomp het buite gebly en toe is die hele klomp in die perseel in en buite op die stoep het 'n groot klomp agtergebly en toe uit hulle is net tien in. -- Daar is nie 'n stoep by die administrasiekantoor nie.

Ek wil aan u stel wat werklik daar gebeur het. Julle klomp skoliere het daar ingegaan in die perseel, daar het niemand agtergebly nie en julle het almal probeer in daardie kantore ingaan. -- Nee, dit is nie so nie. Daar is nie 'n omheiningsdraad daar nie. By die administrasiekantoor kry jy nie 'n omheinings-

draad / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

draad nie.

En ek stel aan u mnr Rich het die klomp wat daar probeer inkom het, uitgejaag. -- Die enigste mense wat daar uit die kantore uitgekom het is die tien wat ek gesê het ek skat hulle ongeveer.

U sien toe vir mnr Memese, die burgemeester, nadat die klomp daar uitgekom het - die ongeveer tien, sien u vir mnr Memese en hy het 'n vuurwapen by hom? -- Ja.

Wat maak hy met die vuurwapen? -- Hy het vinnig by die deur uitgekom, met die vuurwapen gerig op die klomp waar ek gestaan het.

Was dit nou nadat die ongeveer tien uit die kantoor uit is? -- Dit is terwyl hulle nog besig is om by 'n ander deur uit te hardloop, dat hy met 'n ander deur uitgekom het.

En wat maak hierdie ongeveer tien toe mnr Memese nou met die geweer daar staan en dit rig op julle? -- Hulle het na ons toe gevlug.

En julle almal hardloop toe weg? -- Ja.

Nou in watter stadium het daardie twee persone nou uitgekom van die biersaal se kant af? -- Dit was op dieselfde stadium wat die tien uitgevlug het en Memese tevoorskyn kom met die vuurwapen wat op ons gerig is, kom hierdie twee nou van die rigting van die biersaal.

Nou is hulle geroep of ontbied deur mnr Rich of iemand anders? -- Nee, hulle was nie geroep nie.

U weet, Alex Mapela het vir die hof gesê nadat hy mnr Memese in die kantoor gesien het, het hy hom nie weer daardie dag daar buite gesien nie. -- Maar dit is nou Alex se getuienis, dit is wat hy sê. Ek praat wat ek weet.

En al wat Memese gedoen het volgens u, is dat hy het die

vuurwapen/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vuurwapen gerig op julle en toe is julle weg? -- Ja, ons het weggehardloop.

U weet, die verdediging het vir die staatsgetuies gesê iemand van die verdediging gaan kom getuig en sê dat mnr Memese, hy het daar uitgegaan na die biersaal toe en hy het mense van die biersaal af ontbied en daardie mense wat hy geroep het, het julle toe gedreig. -- Ja, dié wat u nou aan my stel is tussen die advokaat vir die verdediging en die persoon aan wie daardie stelling gemaak is. Wat my betref dit het gebeur net soos ek hier aan die hof vertel het.

En u het vir Petrus Antonie herken die dag, want hy is die man wat ŉ stok gehad het.

HOF: Hy is genoem Piet.

MNR FICK: Piet Antonie. -- Ek het hom gesien.

Die stok wat hy gehad het, was dit ŉ kierie of watse ding was dit? -- Dit was ŉ kierie.

Was dit al wat hy gehad het? -- Ja, hy het ŉ kierie by hom gehad.

En die ander ding wat die ander persoon gehad het, het u beskryf as ŉ mes? -- Ja.

Ken u die verskil tussen ŉ mes en ŉ assegaai? -- Ja.

Maar u sê dit was ŉ mes? -- Ek het nie spesifiek gesê dat dit ŉ mes is nie. My verstaan van ŉ mes is hierdie grootte, is ŉ mes Dit is nou die mes daardie. (Beduie).

HOF: Hoe groot is dit?

ASSESSOR: Ekskuus? Is dit ŉ mes? -- Dit is wat ek noem ŉ mes, is so groot.

HOF: Ja, 10 cm na 12 cm. -- Wat ek hier beskrywe is ver groter as ŉ mes want dit is so groot.

Dit is soos die eerste keer aangedui, ja. ŉ Halwe meter.

MNR / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR FICK: Nou watse ding was dit? -- Dit is 'n assegaai; groter as 'n mes dan is dit 'n assegaai.

Nou ek stel aan jou in jou hoofgetuienis het jy gesê uitdruklik dit is 'n mes. -- Ek het nie so gesê nie.

Behalwe dit, is daar nog 'n ander moeilikheid. Die verdediging het gestel aan die staatsgetuies dat mnr Antonie, hy is 'n man wat 'n assegaai sou gehad het, nie 'n kierie of soos jy beweer nie. -- Nee, dit is nie so nie. Hulle maak die goed deurmekaar.

Die hof sal dit vind in volume 108 op bladsy 5 411. Nou ek stel aan u die deurmekaarpratery wat hier aan die gang is, is as gevolg van die feit dat julle wil wegsteek dat julle die mense daar met klippe gegooi het. -- Dit is nie so nie. Die wat ek vir die hof vertel is wat plaasgevind het en niemand het klippe gegooi daar nie.

En julle hele groep hardloop toe terug skool toe? -- Ja.

Watter tyd van die dag was dit nou? -- Dit was nog in die môre om 11h00.

Het julle in die klasse ingegaan, terug? -- Nee, ons het net daar rondgestaan en van ons is weg.

Nou julle klomp was seker baie kwaad gewees soos julle so onder mekaar gepraat het oor hierdie gedrag van mnr Rich, dat hy julle sommer uitjaag? -- Ja, ons was kwaad.

En julle was kwaad vir mnr Memese ook? -- Ja, omdat hy sommer so 'n vuurwapen op ons gerig het sonder om te hoor wat daar gebeur het.

Ek sien. -- Of wat die doel van ons besoek was.

Nou ek stel aan jou, julle is nooit terug skool toe nie. Julle het gegaan en julle het die burgemeester se huis aangeval en julle het mnr Antonie se huis aangeval en 'n klomp skade aangerig. -- Dit is nie so nie. Ons het weggehardloop terug

skool / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

skool toe.

HOF: Weet u van die aanval daardie dag op die huis van die burgemeester en mnr Antonie? -- Ja, ek het daarvan gehoor.

Wanneer het u daarvan gehoor? -- Terwyl ek al by die huis was het ek van een van die kinders van ons huis gehoor, wat ook by ons skool was.

MNR FICK: Nou in verband met die skoliere wat daar was toe mnr Memese en die polisie opgedaag het by die skool, waar was die skoliere toe mnr Memese na hulle sou geskiet het? -- Hulle was al weg waar hulle besig was om in ander strate weg te hardloop vanaf die skool se kant af.

Hoeveel skoliere was daar? -- Daar was baie kinders wat weggehardloop het in daardie strate.

En het mnr Memese iemand raakgeskiet? -- Ja, volgens wat ek gehoor het, 'n persoon wat in Mnandi woon.

Wie het u gehoor is raakgeskiet deur mnr Memese? -- Wat ek gehoor het is dat daar is 'n kind wat beseer was van Mnandi by die skietvoorval.

U wil nie nou maar die vraag antwoord en vir ons die naam gee nie? -- Was die naam aan my bekend gemaak ek sou lankal aan die hof gesê het wat die naam van die persoon is.

En as iemand beweer dat die kind op die skoolterrein geskiet is, dan is dit natuurlik ook nou vals? -- Ja, dit is vals.

Nou toe die polisie daar aankom op 'n later stadium weer met hulle bakkies, was mnr Memese en mnr Rich nog op die plek waar hulle gestaan het toe mnr Memese geskiet het? -- Ja, hulle het nog by dieselfde plek gestaan.

Wat het hulle gemaak? -- Memese het mos geskiet.

Maar ek dag hy het geskiet voor die polisiebakkies opgedaag het? -- Toe hy die eerste skoot gevuur het was die polisie

nog / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nog nie in sig gewees nie, maar toe hy sy tweede skoot vuur dit is terwyl die polisievoertuie besig was om stil te hou.

Ek wil aan jou stel jou getuienis is vals oor wat daar gebeur het met hierdie skietery. Ek wil aan jou stel mnr Memese het geskiet nadat 'n klomp die polisie daar aangeval het; hulle was op pad na mnr Memese se huis toe, hy en mnr Rich, toe kry hulle die groep skoliere wat na hulle en na die polisie met klippe gooi en toe het mnr Memese geskiet, een skoot. -- Nee, dit is nie so nie, nie volgens wat u stel nie.

Net 'n paar algemene aspekte nog. Die raadslede in Somerset-Oos het hulle bedank in 1984 of 1985? -- Ek weet nie of hulle bedank het nie, maar ek kan nie onthou dat ek ooit 'n vergadering bygewoon het waar dit gesê was dat die raadslede bedank nie.

Ek wil aan jou stel dat SEYCO en SERA en COSAS het in November 1984 al 'n vergadering gehou. Ek wil aan u stel dat daar is al gesê dat die raadslede moet bedank. -- SERA en COSAS het nie in 1984 bestaan nie en daar was geen vergadering gewees wat SEYCO, COSAS en SERA die vergadering belê het of dat hulle met mekaar 'n vergadering gehou het nie.

En ek wil verder aan u stel dat die raadslede is na 'n volgende vergadering - hierdie vergadering was op 'n Sondag en die volgende Sondag is weer 'n vergadering gehou, en toe het die raadslede daar gesê by hierdie openbare vergadering hulle bedank. Jy moet daarvan weet. -- Ek sê ek onthou nie van so 'n vergadering in Somerset-Oos nie.

Weet u, was u deel van 'n afvaardiging wat die stasiebevelvoerder, luitenant Labuschagne, in Januarie 1985 gaan sien het in verband met sekere eise van die skoliere? -- Ek was teenwoordig in Februarie 1985.

Ek praat van Januarie 1985 toe die skoliere net met die

stasiebevelvoerder/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

stasiebevelvoerder by die polisiestasie gaan praat het. Daar was nie inspekteurs by nie. -- Nee, ek was nie by nie.

Weet u van so 'n afspraak? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Nou ek wil aan u stel op 10 Februarie, 'n dag voor hierdie probleme by die raadskantore, toe het 'n klomp van julle skoliere na die stasiebevelvoerder, luitenant Labuschagne, weer gegaan en hy het vir julle gesê dat die griewe wat julle het, het hy verwys na die gesag wat daarmee kan werk; toe is die skoliere ontevrede. En die volgende dag toe loop julle na die raadskantore toe waar die klipgooiery plaasgevind het. -- Nee, dit is nie so nie.

Ek dank u, ek het geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR TIP: You were asked earlier on by my learned friend for the state whether you were a member of COSAS and you answered that you were at the school and you were a member of COSAS. Do you remember that? -- Yes.

Did you ever take a formal step to become a member, like signing an application form or anything like that? -- No.

